

SUNStudent

Ons tel die dae af.... SUNStudent “gaan lewendig”!! Voornemende US aansoekers vir voorgraadse studie in 2022 sal vanaf 6 April 2021 op SUNStudent aansoek kan doen

Ons is almal, soos wat die tyd nader kom, toenemend opgewonde oor die verwesenliking van die US se splinternuwe studente-inligtingstelsel, SUNStudent. Vanaf 00:01 op 6 April 2021 is voorgraadse aansoeke oop vir die US se 2022-inname.

Ons projekspan en operasionele eienaars is baie opgewonde oor die nuwe funksionaliteit en die proses wat ons voornemende studente sal ervaar wanneer hulle aansoek doen. Aansoekers kan vir tot drie programme in enige fakulteit binne die US aansoek doen en daarvoor oorweeg word, indien hulle daarvoor kwalifiseer. 'n Belangrike verandering in die US-aansoek- en toelatingsproses is dat voorgraadse aansoekers verskeie aanbiedinge kan ontvang en dan gevra sal word om een aanbod voor einde September 2021 te aanvaar. Fakulteite sal dan dienoreenkomstig kan beplan vir hul onderskeie innames.

Die nuwe aansoekproses word uitgebeeld by die onderstaande dokumentskakel waar infografika gebruik word om die proses te navigeer.

HOE OM AANSOEK TE DOEN



SUNStudent

Vir SUNStudent “post go-live” sal 'n nuwe virtuele ondersteuningstruktuur tot stand gebring word vir ondersteuning aan alle SUNStudent-gebruikers. “Super gebruikers” is geïdentifiseer vir hul kennis van besigheidsprosesse en hulle sal die eerste vlak van ondersteuning bied vir alle SUNStudent-gebruikers. Elke funksionaliteit het toegewysde “Super gebruikers” wat hierdie rol sal vervul.

Verskeie opleidingssessies vir relevante eindgebruikers is gehou en sal oor die volgende paar maande voortduur. As u uitnodigings vir SUNStudent-opleidingssessies ontvang, aanvaar dit asseblief en woon dit by.

Soos aangedui in die onderstaande tabel, sal aansoeke en toelatings in verskillende fases uitgerol word. Die daaropvolgende SUNStudent-funksionaliteite sal inkrementeel geïmplementeer word nadat aansoeke en toelatings van stapel gestuur is.

Aansoeker-subgroep	Datum
Voorgraads: Suid-Afrikaans en Internasionaal	Dinsdag, 06 April 2021
Voorgraads: Krygskunde Suid-Afrikaans en Internasionaal	Vrydag, 23 April 2021
Nagraads: Suid-Afrikaans en Internasionaal (insluitend Krygskunde)	Dinsdag, 01 Junie 2021
USB: Suid-Afrikaans en Internasionaal	Dinsdag, 01 Junie 2021

Ronel Retief, die Registrateur en Voorsitter van die SUNStudent Stuurkomitee, sê: “Ons bedank u en u personeel vir u ondersteuning tot dusver, en vra terselfdertyd u volgehoue toewyding en geduld terwyl ons ratte verwissel in aanloop na 6 April en wat daarop volg. Die sukses van hierdie massiewe stelselimplementering is afhanklik van die mense wat dit gaan gebruik, en van hul vermoë om deur te druk terwyl ons ons eerste onvolmaakte, maar moedige stappe neem ten einde suksesvol van die “swart skerm” na 'n nuwe en verbeterde studente-inligting- en administrasiesstelsel vir die US oor te skakel.”

Kontak die projekspan gerus via die sunstudent@sun.ac.za e-pos-adres met enige vrae en/of voorstelle.

Die SUNStudent-projekspan